

22 Junie

Skrifgedeelte: Galasiërs 1:1-10

Christelike vryheid teenoor wettisisme

Sommige gelowiges wek die indruk dat die pad van die geloof 'n kronkelende voetpad deur 'n mynveld van wette en reëls is. Hulle toets hulle en ander voortdurend daaraan. Vir diesulkes in Galasië sê die apostel (Gal 1:6): "Dit verbaas my dat julle so gou van God wat julle deur die genade van Christus geroep het, afvallig word en 'n ander evangelie aanneem."

Natuurlik is dit nie die bedoeling van die soort gelowiges om Christus vaarwel toe te roep nie. Inteendeel, hulle wil juis hulle geloof des te beter uitleef. Hulle lewe word gekenmerk deur oënskynlike vroomheid en groot erns. Die kwaal is egter dodelik: afvalligheid van God.

Die pad van wette en reëls is nie een wat neffens die pad van genade en vryheid loop nie. Nee, hierdie twee paaie loop juis haaks met mekaar. Hulle bereik nie dieselfde bestemming nie.

'n Wettiese lewe wek wel die skyn dat jy 'n houvas het op God se genade. Dit is egter 'n houvas op jou eie persoon en jou vermoë om 'n stel reëls stiptelik na te kom. Dit is niks minder nie as 'n mosie van wantroue in God se genade nie.

Jesus Christus is immers ons volkome Verlosser. Hy het ons vrygemaak. In Hom is ons heeltemal vry van die slawerny van die sonde, vry van die wettiese lewe met sy angs en krampagtigheid. Ons mag daarom nie onder die juk van mensgemaakte reëls en wette gaan inbuk nie.

Genade is God se geskenk in Christus. Die genade bevry ons heeltemal. Die genade maak ons vrye, blye en ontspanne Christene.

Sing: Psalm 124:4 Ds JH Jordaan (Kimberley)